'n Kerfie bo die res

David Krynauw is 'n man met 'n groen gewete wat hout op 'n heel nuwe manier onder hande neem. *Schalk Schoombie* het gaan kuier op hul familieplaas buite Piet Retief. *foto's CANDICE ASKHAM*

Die ruising is skaars hoorbaar. Oor ons koppe toring wit stamme wat doer bo tak en blaar spruit. Bloekoms sonder kwint of kwas.

David Krynauw (25) strek sy arm teen 'n statige stam uit, asof hy dié reus meet. Sy donkerblonde hare staan puntig orent.

"Wanneer die stam so na regs spiraal, gaan dit goeie planke maak," beduie die jong ontwerper en skrynwerker. "Hier groei eintlik 'n skrikwekkende hoeveelheid meubels, meer hout as wat ek in 'n leeftyd kan gebruik."

Sowat 13 jaar gelede het pa Dawie, 'n chemiese ingenieur wat hoteleienaar op Piet Retief geword het, hier sy eerste jong bome geplant met 'n langtermynplan om volhoubaar te boer.

Sy seun het met 'n ompad terug op die plaas beland. Ná skool het David 'n graad in wynbou by Maties behaal en by die Hamilton Russell-landgoed in die Hemel-en-Aarde-vallei buite Hermanus begin werk.

"Wynmaak het my nie genoeg geprikkel nie. Ek wou my eie baas wees. Eintlik het ek dit reeds van my tweede studiejaar af geweet, maar tog besluit om my graad klaar te maak."

Tot sy vreugde het sy pa hom ondersteun. "My ma het 'n bietjie vasgeskop, maar my pa het geweet wat my ware potensiaal was..."

Terwyl ons 'n wye draai oor die plaas loop, begelei deur die vriendelike Duitse herdershond Goya, vertel David dat hy Kalifornië toe is as wynbouer met 'n "naïewe oogmerk": om genoeg geld te maak vir 'n werkwinkel in die Kaap.

"Voor my vertrek het ek kroegstoele gemaak van die bome hier bo teen die bult," onthou hy.

"Omdat my pa bang was ek gaan splinters in my oë kry of 'n vinger afsny, het hy my net toegelaat om hout te draai. Daar was 'n hoop nuttelose houtstukke wat te klein was om as planke te saag. Daaruit het ek bakke begin draai.

"Maar almal maak bakke, en ek wou iets anders doen. Ek wou nie die eerste klein bakkies vermors nie, toe word dit lampskerms. Die idee was om die hele stam van die boom vir verskillende vorms en groottes lampskerms te gebruik."

Die eerste reaksies was nie gunstig nie: "Mense op die dorp het gedink dis bra eienaardig."

Toe neem hy sy lampe Johannesburg toe, waar die eerste persoon wat dit aanskou het, summier sy hele voorraad gekoop het.

In 2008 was David een van 603 mense wat vir Eskom se Energiedoeltreffende Ligontwerp-kompetisie ingeskryf het.

"Ek't heel voorbarig vir 'n teken gevra. Ek het gebid en vir die Here gesê: 'As dit is wat U wil hê ek moet doen, laat my wen.' Die volgende dag het ek gelag oor my eise en daarvan vergeet. Ek het foto's van my ontwerpe gestuur, en die lampe op die sluitingsdatum afgelewer.

"En daar wen ek toe wraggies! Alles het in plek geval. Dit was 'n 'Ja' in uitroeptekens."

'n Jaar later is hy 'n aanloklike werk met 'n goeie salaris en verblyf aangebied. "Dit was 'n moeilike besluit, maar die Here het my so duidelik gelei om my eie meubels te maak. Ek het nee gesê."

Hy's terug plaas toe met die gedagte om sy ouers te help.

En daar vind hy toe sy roeping.

Uit dieselfde hout gekap

"My pa wil die plaas 'n volwaardige bestemming maak, 'n uitspanplek waar besoekers die woude kan geniet, iets eet en gehalteprodukte koop: meubels, ingelegde lekkernye, tuisgemaakte konfyt, kaas, ons eie wyn en likeurs. Nes met 'n wynplaas kan 'n mens hier op 'n kleiner landgoed hoëgehalte-produkte vervaardig."

Die wit opstal met 'n plat sinkdak en groen vensterrame nestel in 'n sagte heuwelland wat oortrek is met 'n rafelkombers van groen plantasies. Dit is ernstige houtwêreld dié.

Die plaas, 'n deel van Madola, is afgesper in netjiese kampe en tuine. Sowat tagtig boerbokke wei in 'n kamp skuins agter die opstal.

Ons stap verby 'n ruie framboosbos, 'n ▸

VERSORGING: Heidi Gouws; ADDISIONELE FOTO'S: Verskaf





◄ welige aarbei-akker, 'n mielieland, hope ou stompe wat van oral af aangery is, David se werkplek vol implemente, 'n saag op 'n spoor, 'n pers bougainvillea, 'n plaasdam.

In die een hoek van die plaas lê drie verweerde grafte. Johannes Jurgens Potgieter, oorlede 1912, se grafskrif lees: "Dank God in alles want dit is die wil van God in Christus Jesus over u. Thess. 5:18".

Drie hadidas skrik op uit die bloemkomtakke en flap weg in die laagte.

"Wilde wêreld," verseker pa Dawie my.

Een aand het hy 'n geluid in die voorhuis gehoor. Die ongenooide gas was 'n Mosambiekse spoegkobra, uiters gevaarlik. "Hier's baie slange. En kwaai bosvarke."

Dawie, 'n veeldoener met 'n ondersoekende gees en 'n skerp intellek, dra 'n swartraambril en grys hare in poniestert vasgebind.

"My pa gaan deur fases van belangstelling en dan bestudeer hy 'n onderwerp intensief," lag David. "Boksiektes, grondmonsters, sampioene. Hy's 'n groot sampioenkenner. Ons het al 'n bakkievrag sampioene in die dennewoude gepluk.

"My pa is 'n perfeksionis. Toe hy met houtwerk begin het, het hy net die beste masjinerie aangeskaf, en dit laat my nou toe om goeie werk te lewer. Ek werk meestal met hout wat my pa gesaag het en hout wat mense uit onkunde weggegooi het."

As jong seun was David skoon befoeterd en in trane wanneer sy pa sonder hom plaas toe is. En wanneer hy kon saamgaan, moes hy al die bome langs die pad se name opsê. "Ek was soveel keer by terwyl my pa houtwerk gedoen het."

David se indrukwekkende langtafels – bonkig, elegant en loodswaar – pronk in die oopplan-voorhuis en op die stoep; moderne kunsmeubels van geelhout, kersiehout, kiaat en rooshout wat 'n reuse-stelling maak.

'n Groot opdrag vir 'n gastehuis – bedrame en ander meubels in rustieke styl – hou hulle vir eers druk besig.

"My werk word al lekkerder, want ek kry opdragte van mense wat hou van my lampe en tafels. In houtwerk gebruik 'n mens relatief min hout uit 'n boomstomp, en ek probeer om uit alle oorblyfsels iets te maak. Dis hoe die idee vir die lampkappe ontstaan het.

"Ek probeer kliënte oortuig om sipres of sekere bloekomspesies (*red gum*) te oorweeg wat in die omgewing groei, bome waarvan mense gewoonlik ontslae wil raak. Dis my mikpunt om hierdie hout te herbenut, want dit maak baie mooi meubels.

"My werk word nie volgens 'n patroon gemaak nie. Organiese vorms wissel en geen stomp is ooit dieselfde nie. Jy kan nie twee ontwerpe presies dieselfde kry nie, en ek skat alles met die oog.

"Dis alles in my kop. Ek kan dit presies visualiseer. Maar dis 'n tydsame proses. Soms gaan dit goed, soms nie.

"Mense speel al hoe meer met hout op ongewone maniere. Ek wil gebuigde lampstaanders van hout skep, of lampstaanders wat kan verstel. Ek wil hout op verrassende maniere benut, soos niemand anders dit doen nie. Soos houtbaddens..."

Meubels is 'n brug na ander goed, 'n manier om ander idees te ontgin. David droom van sy eie huis wat met hooibale en herwinbare hout gebou is.

"Ek wil 'n versameling van my beste meubels vervaardig, terwyl ek 'n volhoubare produktelys ontwikkel – vloerlyste, plankvloere, houtdekke...

"Dit sluit aan by my pa se plan van 'n organies haalbare boerdery waar alles teruggeploeg en herbenut word. Die saagsels gaan terug in die grond, soos die bokke se mis – om die vrugteboorde, groente, frambose en aarbeie te voed. Niks word in die kringloop vermors nie."

Dié (stam)boom ken jy aan sy vrugte

Vroegaand kom sus Anso (28) en haar man MJ skertsend saam met vriende die huis binne. Sy verwag haar eersteling, Dawie en Amie se eerste kleinkind.

Aandete by kerslig voor 'n gesellige kaggelvuur word tot ná middernag uitgerek. Amie se beesfilet smelt in die mond. Die gebakte aartappels is kneussag, die babaspinasie se smaak is intens, soeterig, die lekkerste wat ek nog geproe het.

Dis 'n talentvolle familie. Ma Amie is 'n radiografis wat fynproewerkonfyte maak en sampioene inlê. Sus Anso is 'n argitek wat haar studies met haar skilderye betaal het. Ouboet Jann (30) is 'n aktuaris wat in sy vrye tyd 'n jazzmusikant/komponis vir die duo Tonik is. In 2009 het hulle 'n Sama vir die beste instrumentele album gewen.

"Ek het nooit geweet wat my talent is nie," vertel David. "Ek was altyd redelik gemiddeld met alles.

"Maar met hout voel ek my tuis."

Tog kan hy kitaar, baskitaar en mondfluitjie speel, en op skool en universiteit was hy 'n kranige rugbyspeler (skrumskakel, flank). Hy draf ook gereeld en het onlangs aan die Twee Oseane-wedloop deelgeneem.

Aan tafel dra pa Dawie 'n kopstuk-metlig wat hy self geprakseer het vir ekskursies in die donker.

Hy gaan haal 'n sysagte baba-boerbokkie uit die kamp en Amie begin die bewende kleinding op haar skoot deur 'n bierbottel en tiet formulemelk voer.

Onder die tafel lê Goya salig uitgestrek. Sy lek heimlik aan my hand, iets wat die huismense haar belet.

"Ek wou met my hele hart in die Kaap bly, waar die industrie en my vriende is," sê David. "Dis soms baie moeilik om nie daar te wees nie. Ek gaan kuier een keer per maand in die Kaap. Hier is ook nie juis meisies nie. Maar hoe langer ek hier woon, hoe meer geniet ek dit.

"Ek vat dit soos dit kom en bid daaroor. Die paadjie is vir my uitgelê, maar ek moet steeds hard werk om dit te maak."

Selfdissipline, harde werk, geduld, nederigheid en liefde is die waardes wat David koester, volgens die teksverse wat sy lewe rig: 2 Timoteus 1:7, Tessalonisense 5:16, 1 Korintiërs 13:4.

En nes sy pa wil hy beslis nie 'n konformis wees nie.

"Ek wil 'n ongewone, interessante lewe lei, 'n Mens moet tog die behoefte en talent wat die Here diep in jou hart gelê het, uitleef." ■